God

Die Vader

Hoe is God?

- JER 9:24 Maar laat hy wat roem daarin roem dat hy My ken en My verstaan. Ek is ‘n Here wat:
  - Liefdevolle deernis het vir mense.
  - Regverdige besluite neem
  - Opreg, ordentlik en betroubaar is
- In hierdie dinge verlustig Ek My, sê die Here – nie omdat Hy verplig voel nie.
- Hy kan nie jok nie. Hy bedoel alles wat in die Bybel geskryf staan. Ons kry dit deur te weet dat ons sal kry wat Hy gesê het
- Hy is beter as wat ons is wanneer ons in ‘n goeie bui is en probeer om goed te doen aan ons kinders wanneer hulle die dag baie soet was.

Voorbeeld

- Jer. 3:19 Ek het self gesê: “Dit sal vir My wonderlik wees om vir julle ‘n land te gee wat almal begeer, die mooiste land in die wêreld. Ek het gedink julle sal My Vader noem. Ek het nie verwag dat julle julle rug op My sou draai nie
- Hy geniet dit om ons te bederf net soos ons daarvan hou om ons kinders te bederf – solank hulle dit waardeer en mooi daarmee werk
- Hy verwag van ons dat ons goed sal doen.

Wat Ander Hom Genoem Het

Jehovah Shammah

- Shammah – Die Here is met ons
- Mat 1:23 “Die maagd sal geboorte gee aan ‘n Kind, ‘n Seun en hulle sal Hom Immanuel noem – wat beteken Jehovah Shammah, God met ons
- Toe ons in Kaapstad was net nadat die Dokter gesê het ek moet dadelik hospitaal toe gaan, was Hy by ons in die kamer. Die vrede was baie vreemd
- Hy is altyd met ons, maar ons kan dit eers geniet as ons ‘n bietje rustig en stil raak voor Hom – wanneer ons daarop konsentreer om niks te doen nie

Jehovah Adonai

- Adonai = Meester
- GEN 15:2 En Abram sê: Here God (Jehovah Adonai, Meester Jehovah), wat sal U my gee as ‘n teken aangesien ek nie kinders het nie en die enigste een wat my naam kan voort dra is Eliezer van Damaskus?
- Abram vra, vol respek, Meester, watter sein kan U my gee?
- Hy het nie ‘n sein gekry nie, net ‘n woord: “Tel die sterre…” en Abram het geweet dit is waar – en dit het vir hom getel.

Jehovah Jireh

- Jireh – Die Een wat my voorsien
- GEN 22:14 En Abraham het daardie plek Jehovajireh genoem en tot vandag toe word dit gesê: “In die berg van die Here was dit voorsien”
- Daar is vandag duisende mense wat getuig: “Die Here het voorsien”

Jehovah Nissi

- Nissi – My Banier
  - Exo 17:11 Wanneer Moses Sy hande omhoog gehou het, het Israel gewen. Maar sodra hy moeg geword het en sy hande laat sak het, het Amalek gewen.
  - Exo 17:12 Maar Moses se arms het baie moeg begin word. Aaron en Hur neem toe ’n klip en laat Moses daarop sit terwyl hulle sy hande omhoog gehou het – een aan elke arm. So het Moses se hande in die lug gebly totdat die son ender gegaan het.
  - Exo 17:13 En Joshua het Amalek en sy mense met die swaard verslaan
  - Exo 17:14 En God sê vir Moses: “Skryf hierdie in ’n boek sodat julle kan onthou wat vandag hier gebeur het en lees dit voor aan Joshua want ek sal alle herinneringe aan Amalek onder die hemele uitvee
  - Exo 17:15 En Moses het ’n altaar gebou en die altaar Jehovah-Nissi genoem
- Dit is die vlag wat oor my huis hang, die vlag wat wys wie my koning is, die vlag wat wys waar my lojaliteit lê

Wat die Vader Homself Noem

El Shaddai

- Almagtig: GEN 17:1 En toe Abram 99 jaar oud was het Hy aan Abram verskyn en vir hom gesê: “Ek is ‘El Shaddai (Almagtige God). Loop saam met My en wees perfek”
- Hy sou nie gesê het Abram moet perfek wees as dit vir mense onmoontlik was om perfek te wees nie.
- Die Vader kan alles doen behalwe:
  - Jok
  - Siekte uitdeel
  - Mense se wil oorneem

Jehovah

- Jehovah = Self-Existent
- EXO 6:6 Sê dus vir die kinders van Israel: “Ek is Jehovah en Ek sal julle uitbring onder die juk van Israel uit. Ek sal die bande waaraan hulle julle onderwerp het verbreek en julle red met ‘n uitgestrekte arm en met indrukwekkende resultate
- Hy het niks nodig om te kan bestaan nie
- Hy kom op vir Sy kinders
- Partykeer doen Hy dinge wat net die mees oplettende mense sal opmerk, maar soms sal die hele wêreld weet wat Hy gedoen het.

Jehovah Rapha

- Jehovah Rapha = Julle Geneesheer
- EXO 15:26 En gesê: “As julle die hele tyd na die stem van die Here julle God en doen wat reg is in Sy oë, luister na Sy bevele en al Sy reëls gehoorsaam, sal geen van die siektes op julle kom nie omdat Ek die Here is wat julle genees
- Voorwaardes:
  - Konsentreer daarop om liewer te hoor wat Hy sê as om op ons ondervinding en kennis staat te maak.
  - Luister as Hy iets sê
  - Ken Sy reëls en die maniere waarom Hy dinge doen
- Bevestiging: Mat 8:17 He took our infirmities and healed our diseases.

Jehovah Qadash

- EXO 31:13 Praat met die kinders van Israel en sê vir hulle: “Hou my Sabbat dae want dit is ‘n teken tussen julle en My en julle kinders na julle sodat julle kan weet dat Ek die Here is wat julle reinig /skoon was
- Nou is dit die Bloed van Jesus wat ons skoon gemaak het. Nie net skoon gewas het nie, maar heeltemaal nuut gemaak het.

Jehovah 'Elohiym

- ‘Elohiym = Allerhoogste, Allerheiligste
- LEV 11:44 Want Ek is die Here julle God (die Allerhoogste / Allerheiligste); Daarom moet julle julleself reining en heilig wees want Ek is heilig. Julle sal julle nie verontreining deur enige kruipende insek wat op die aarde kruip nie
- Ons kan nie meer op die verskoning staat maak dat ons net sondige mense is nie.

Jehovah Yasha

- Yasha: Om oop te wees, veilig, vry
- Ek is die Here wat jou vry en veilig maak
  - ISA 43:3 For I am the LORD thy God, the Holy One of Israel, thy Saviour: I gave Egypt for thy ransom, Ethiopia and Seba for thee
- Hy maak ons vry van alles wat ons vashou: Vrees, dobbel, rook, drank, status, geld, armoede, siekte ens.

Ek is jou Skild

- Gen 15:1 Na hierdie dinge het die Woord van die Here na Abram toe gekom in ‘n Visioen en gesê: “Moenie bang wees nie, Abram, Ek is jou Skild en die Een wat jou uitsonderlik beloon”.
- Net ingeval ons nog nie gesnap het dat Hy ons oorvloeding wil seën en beskerm nie gebruik Hy nog ‘n woord om Homself te beskryf: mâgên (skild)

My Besluite

- Ek het besluit om Jesus te volg
- Ek sal nie toelaat dat iets tussen my en God kom nie
- Ek sal nie toelaat dat my gedrag deur my gedagtes of omstandighede beïnvloed word nie
- Ek weerstaan enige gedagte dat my vermoëns beperk is of dat ek minderwaardig is net soos ek enige demoon sal weerstaan.
- God se visie vir my is dat ek tot alles in staat is deur Hom wat my krag gee en ek verwerp enige gedagte wat dit probeer weerspreek
- Ek sal nie toelaat dat enige iemand my lewe programmeer, my waardes bepaal of my potensiaal meet nie.
- Ek maak nie net op my kennis en ondervinding staat nie, maar op dit wat ek weet omdat die Here dit gesê het (geloof)

Huiswerk 1

- Mag jy trots wees? (Truuk vraag)
- As jy mag trots wees, waarop mag jy trots wees?

Huiswerk 2

- Wat weet jy van die Vader se karakter – Jer 9:24? Gee ‘n voorbeeld uit jou eie lewe vir elke karaktertrek.

Huiswerk 3

- Gee ‘n voorbeeld van wanneer die Vader Homself as Jehovah Shammah in julle huis openbaar het

Huiswerk 3

- Gee ‘n voorbeeld van wanneer die Vader Homself as Jehovah Jireh in julle huis openbaar het

Huiswerk 3

- Gee ‘n voorbeeld van wanneer die Vader Homself as Jehovah Rapha in julle huis openbaar het

Huiswerk 3

- Gee ‘n voorbeeld van wanneer die Vader Homself as Jehovah Qadash in julle huis openbaar het